Hoe om windrigtings te leer

Graad R tot 7

Kaartwerk is ’n belangrike afdeling van Voortrekkerwerk. Voortrekkers moet dus van jongs af rigting kan bepaal.

Onderwerpe: Windrigtings, Speletjies, Weerkennis (kenteken), Handwerk

Stappe

1. Ons ken die vier hoof windrigtings, naamlik: noord, oos, suid en wes. As jy ’n rigting halfpad tussen noord en oos wil aandui, is die rigting noordoos. Die son kom op in die ooste en sak in die weste. Die son is dus een van die belangrikste rigtingbepalers wat ons kan gebruik.
2. Maak ’n apparaat wat windrigting aandui.

   Benodigdhede: Skêr, gom, dun karton, speld, strooitjie, klei, papierbord en potlood met uitveër

   - Sny ’n keep aan die punte (bo en onder) van ’n strooitjie. Die keep moet ongeveer 1 cm wees.
   - Gebruik dun karton en sny ’n vierkant en driehoek uit. Die driehoek (pylpunt) moet ongeveer 5 cm lank wees. Die vierkant se sye is 7 cm. Plaas die driehoek en vierkant in die kepies van die strooitjie. Gebruik gom as dit nodig is.
   - Druk ’n speld deur die middel van die strooitjie in die bokant van ’n potlood met ’n uitveër.
   - Druk die skerp kant van die potlood in klei in. Dit sal jou basis vorm.
   - Dui noord, oos, wes en suid op ’n papierbord aan.
   - Plaas die klei op die papierbord.
   - Toets jou windmeter. Maak seker dat die strooitjie maklik draai.



Opdrag

- Druk vir elke spanlid ’n kaart uit (Kaart). Elkeen benodig ’n potlood. Spanlede begin by die plek op die kaart wat Begin aandui.
- Instruksies word gegee. Spanlede volg die instruksies deur met ’n potlood op die kaart die instruksies te teken. Aan die einde van die oefening kyk spanlede wie die instruksies korrek gevolg het. Elke spanlid doen dit op sy/haar eie en kyk nie wat ander spanlede doen nie.
- Lees die instruksies voor: Beweeg in ’n oostelike rigting. Kruis een straat, op die hoek van die tweede kruising, draai in ’n suidelike rigting vir een blok. By die kruising beweeg in ’n westelike rigting. By die derde kruising draai in ’n noordelike rigting tot aan die einde van die kaart. Beweeg dan in ’n suidoostelike rigting tot jy by die kruising kom. Beweeg nou vir drie blokke tot by die kruising, dan in ’n noordoostelike rigting tot by die einde van die kaart. Maak ’n kruisie by die plek waar jy is.



Speletjies

Die volgende speletjies help om die rigtings in te oefen.

Speletjie 1:

Spanlede staan almal ’n ent van mekaar en kyk in ’n noordelike rigting. Wanneer die instruksie gegee word, moet hulle in die rigting van die opdrag spring. Hulle bly deurentyd op dieselfde plek staan. As die instruksie “suid” gegee word, moet hulle ’n 180° draai maak. Spanlede wat in die verkeerde rigting draai, is uit en moet gaan sit. Hou aan totdat daar net 1 persoon oor is. Rigtings kan ook vinniger gesê word. Vir ouer kinders kan noordwes, suidoos, ens. ook gevra word.

Speletjies

Speletjie 2:

Druk die verskillende windrigtings elk op ’n A4-karton/papier uit (Windrigtings vir speletjies). Plaas die windrigtings op die regte plekke. Een speler word aangestel as wolf; die res is almal windjies wat waai. ’n Rigting word uitgeroep, bv. noord, en al die windjies moet dan by die noord-plakkaat gaan staan. Die wolf probeer windjies vang voor hulle die “den” bereik. Dié wat deur die wolf aangeraak word, help die volgende slag as die rigting uitgeroep word. Die speletjie duur voort tot al die windjies gevang is.

Speletjie 3:

Spanne tree agter mekaar in rye aan. Op ’n bepaalde afstand is daar ’n kompassirkel waarop slegs Noord aangedui is. Elke speler het ’n kaartjie met een van die kompaspunte (Windrigtings vir speletjies). Die spelers hardloop nou na die kompassirkel en plaas die kaartjie op die regte plek op die sirkel. Die span wat eerste klaar is, is die wenspan.

Teksgedeelte

’n Teksgedeelte wat by rigtings aansluit, is Spreuke 4:11: “Ek sal jou leer wat die pad van die wysheid is en jou die regte koers laat loop.”

Wenke

1. Lamineer die plakkate met windrigtings. Dit kan dan gereeld gebruik word.
2. Bring ’n kompas saam sodat spanlede kan sien hoe ’n kompas werk.
3. Gebruik die dokument *Kaartwerk en Antwoorde* vir hersiening van kaartwerk vir Voorslagvoorbereiding of net sommer vir inoefening van kaartwerk.